

Afrikaanse volksliedjies. Deel 1. Pieknieklidjies

S.P.E. Boshoff en L.J. du Plessis

bron

S.P.E. Boshoff en L.J. du Plessis, *Afrikaanse volksliedjies. Deel 1. Pieknieklidjies*. J.H. de Bussy, Pretoria, Amsterdam / Holl.-Afrik. Uitgevers Mij. v/h J. Dusseau & Co, Kaapstad 1918

Zie voor verantwoording: https://www.dbnl.org/tekst/bosh002afri01_01/colofon.php

Let op: boeken en tijdschriftjaargangen die korter dan 140 jaar geleden verschenen zijn, kunnen auteursrechtelijk beschermd zijn. Welke vormen van gebruik zijn toegestaan voor dit werk of delen ervan, lees je in de [gebruiksvoorwaarden](#).

[Deel 1(A)]

Met 'n gevoel van erkentelikheid vir sij baanbrekende arbeid op hierdie gebied dra ons hierdie werkie op aan die nagedagtenis van F. TH. SCHONKEN, so vroeg aan sij volk en vaderland ontvalle.

Voorwoord.

Ons leef teenwoordig in 'n tyd van kragtige opgroei van die nasionale selfbewusheid.

Vandaar miskien dat die idee bij die skrywers ontstaan het om één van ons nasionale erfgoedere, die afrikaanse volkslied, aan ons volk voor te stel in 'n splinternuwe pakkie van toeliggende aantekeninge; vandaar ook dat ons durf hoop op belangstelling vir hierdie werk.

In die eerste plek is dit bedoel vir die jong Afrikaners wat nog die geluk het om deel te kan neem aan 'n piekniek. Hulle, hoop ons, sal deur nadere kennismaking met hulle eie geesteskindere, dit meer waardeer en daarom die vreemde indringers, wat nog so volop aanwesig is op hierdie erf, die deur wijs, of liever, hul in die pad steek - na hul eie 'home-country'.

Maar ook vir die Afrikaners wat nie meer piekniekers kan wees nie, hoef ons werk nie onverskillig te wees nie.

Immers ons liedjies verteenwoordig 'n afrikaanse kultuurvorm, soals in die inleiding aangetoon word, en is beliggaam in die suiwere afrikaanse volkstaal - die afrikaanse rasgenie, die afrikaanse veldwind en sonnebrand adem en geur en gloei daarin - dis soos die kaapse wijne, 'n produk van die son, die lug, die grond en die Boervolk van Suid-Afrika.

Prof. BOSHOFF was verantwoordelik vir die organisasie en die inleiding, waarvan ek paragraaf (d) geskryf het. Van die liedjies is deur hom bewerk nommers 2, 4, 6, 10, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20 en 24; en deur mij nommers 1, 3, 5, 7, 8, 9, 11, 12, 21, 22, 23.

Natuurlik is bij alles onderling oorleg gepleeg.

Ten slotte mag ek nie nalaat nie om mij dank uit te spreek aan Mnr. G.S. PRELLER, die mij belangstelling gewek het vir die afrikaanse volkslied. Ook is dank verskuldig aan Mnr. PIERNEEF vir sijn tiitelbladtekening.

En hiermee moet ons boekie dan die afrikaanse wêreld in! Die hoop van die skrywers is dat hij baje vriende op sijn loopbaan sal ontmoet en die weg sal berei vir sijn boeties wat hom misskien sal volg.

L.J. DU P.

Inleiding.

Afrikaanse pieknieklidjies.

A. Die lied.

Waarskynlik verteenwoordig die ‘Lied’, of, nouwkeuriger uitgedruk, die ‘sanglied’, d.i. die lied wat gesing word, die oervorm van alle poëtiese ‘genres’. Dat die lied waarskynlik die grondvorm was van die hedendaagse groot verskeidenheid lyriese digsoorte, sal seker niemand betwyfel nie, dat dit volgens 'n gangbare opvatting die kernpunt gevorm het van die dramatiese digkuns uit die oudheid, hoef bijna nie aan herinner te word nie, en dat dit moontlik ook die uitgangspunt was van die epiese poësie van Grieke en Germane, word vandag tamelik algemeen aangeneem.

Dit is dan ook bes begripelik, want die ‘Lied’ is die natuurlikste, naïefste en direkste digterlike uitingsvorm van menselike gevoel, want wat is eenvoudiger en natuurliker, dan dat die menselike gevoel, hooggespanne deur die op-en-neer beweginge van liefde of lijde, sig spontaan uit in die gelijkgestemde klank-

trillinge van 'n lied van lief of leed? Immers 'waar die hart van vol is, loop die mond van oor'. Vandaar dat JESPERSEN in die gevoels- en gemoeds-uiting van die sanglied nie alleen die oervorm van alle poësie, maar selfs die oorsprong van die menselike taal, gesoek het. Die nagtegaal in die bos, die kat op die huiskak en die babetjie in die wieg - almaal *sing*, op hul eie manier, hul *liedjies* van liggamelike of geestelike lief of leed - 'Lieder ohne Worte'! En die mens? die nugtere verstandsmens?

'Ach,' sê HEINE, 'wenn sie nur Herzen hätten!
Herzen in der Brust, und Liebe,
Warme Liebe in dem Herzen.' -

Ja, liefde, warme liefde in die hart, of 'n enkele golfslag van ongeveerinsde gevoel, laat selfs die nugterste verstandsmens deuntjies opdreun - 'Lieder ohne Worte'!

B. Die volkslied.

Ons het hier egter te doen met 'n bepaalde liederesoort, en wel met die 'Volkslied', 'n benaming wat miskien misleidend is, omdat meer dan één soort lied daarmee aangedui word. So kan, b.v. met die benaming 'Volkslied' bedoel word die bepaalde lied of liedere, wat 'n volk bij sekere geleenthede sing ter ere van sij vorstehuis, vaderland of vrijheid, soos die bij ons in Suid-Afrika welbekende en geliefde Transvaalse of Vrijstaatse Volkslied, of die Nederlandse volksliedere: 'Wien Neerlands bloed door de âdren vloeit' en 'Wilhelmus van Nassauen'. So'n volkslied, of Nasionale Hymne, is in sekere sin 'n geleentheidslid, wat die nasionaliteitsgevoel, wat sig veral bij gemeenskappelike bijeenkomste vertoon, moet vertolk

Dit het dus 'n bepaalde doel en strekking, en is dikwels tot opgeblasenheid toe geswel van nasionale trots, selfverheffing en selfoorskating, waaraan die volk in die reël self geen direkte skuld het nie, want dit was nie self die maker van sij eie Nasionale Hymne nie, maar wel 'n individuele digter, wat in 'n oomblik van hooggestemde besieling 'n volkslied gesmeed het op die aambeeld van 'n vurige gevoel van vaderlandsliefde. Maar juis daarom is 'n volk se Nasionale Hymne, na inhoud en toon beoordeel, gewoonlik allesbehalwe die suiwerste soort volkslied, wanneer aan die woord 'volkslied' 'n breëre betekenis toegeken word.

So'n breëre betekenis het die benaming 'volkslied', wanneer daarmee bedoel word sekere liedere, wat deur volksdigters gemaak is, en wat die volksideale en die volksgevoel so eenvoudig en verstaanbaar, so raak en populair, vertolk, dat die liedere leef in die volksmond en net so welbekend raak as die Nasionale Hymne self. 'n Digter wat sulke volksliedere maak, wat so'n vonk van volksgevoel opvang, moet self lewe met sij vinger op die polsaar van sij volk! Dit is die geaardheid van 'n groot deel van die Geuseliedjies uit die sestiende eeu, soos ARENT DIRCKZ. Vos se alombekende Geuseliedjie: -

'Slaet opten trommele van dirredomdeyne,
Vive le Geus is nu de leus!
Slaet opten trommele van dirredomdoes,
Vive le Geus is nu de loes!'

So leef in die engelse volksmond, as 'n sprank van die engelse volksgees van marinisme, THOMSONS 'Rule, Britannia!' So'n soort volkslied is ook JANNIE se afrikaanse liedjie:

'Die wêreld, die is baje groot;
Dit weet die aap se stert.'

Maar daar is 'n nog ruimere betekenis wat kan toegeken word aan die benaming 'volkslied', wanneer daarmee aangedui word sekere liedjies, waarvan die digters heeltemaal onbekend is, - liedjies, wat miskien nie eers deur digters gemaak is nie, maar wat gebore is uit en voortbestaan alleen in die volksmond, en wat vertolk wat daar omgaan in die siel en gebeur in die ervaringskring van die volk. Dit is waarskynlik die suiwerste soort 'volkslied' hierdie - deur die volk, en vir die volk gedig: volkome 'volkstümlich'!

C. Afrikaanse pieknieklidjies.

In Suid-Afrika is daar 'n betrekkelijk groot hoeveelheid van hierdie laaste soort volksliedere aanwesig, wat die samestellers van hierdie bundeltjie 'Afrikaanse Pieknieklidjies' hoop om in 'n serie soortgelyke boekdeeltjies te versamel, waarvoor hul die belangstelling en die ondersteuning van die publiek vra en bij voorbaat verwag. Hier het ons dus alleen te doen met 'n bepaalde klas van hierdie soort volksliedere, en wel met 'Pieknieklidjies'.

Hoe is hul ontstaan? Waar kom hul vandaan? Wat is hul ontwikkelingsgeskiedenis? Waar kom hul aan die of daardie bepaalde versvorm of versmaat?

Ons kan ons 'n voorstelling van die gang van sake maak; maar 'n waarskynlikheidsbetoog is nog geen vasstelling van die wetenskaplike waarheid nie - solang as ons dit maar onthou.

Sodra die singstemming opgewek is op 'n piekniek, hef één persoon 'n bekende dansliedjie aan, en die piekniekers, onder die invloed van 'Wein, Weib und Gesang', al is dit op 'n afrikaanse piekniek gewoonlik net sonnewijn, sing mee: maar

die woorde is gewoonlik op, terwyl die danslus nog wil deurdruk op daardie deuntjie! Maar die skeppingsdrang is aan die gang, en die arme en bene van die lewenslustige spelers het reeds die dansmaat van die vers opgevang, sal die stembande dan agterbly? Moenie glo nie! Daar dreun één nog 'n versreëltjie bij, 'n ander maak 'n tweede, of deur 'n derde word daar-en-dan op dieselfde dansmaat nog 'n spiksplinternuwe liedjie bij geïmproviseer, en die dans gaan voort, deurgedruk op daardie deuntjie! Op 'n volgende piekniekgeleentheid word dieselfde skeppingsproses herhaal, en mettertyd word die liedjies oral deur die spelers versprei, sodat daar oral in die land nuwe liedjies ontstaan met lokale emendasies. Die verskillende variante, die onsin of ruwheid van die inhoud, die gebrek aan skoonheid - daarop word nie gelet nie; maar alleen op bepaalde rijmklanke of 'n bepaalde versmaat, waarbij alliterasie en assonansie sterk te pas kom. So is 'n pieknieklid gewoonlik 'n kind, nie van die individu nie, maar van die gemeenskap - net soos baje volksliedere. Omdat hierdie gemeenskap 'n piekniekgeselskap is, het die pieknieklidjies, met al hul onsin, tog bijna altijd die egte piekniekgeur, - piekniekwoorde en piekniekideeë. Wie het nie reeds op 'n afrikaanse buitepartijtjie bekende pieknieklidjies op so'n manier hoor verhaspel of verander nie? of 'n engelse liedjie gedeeltelik of geheel uit die vuis in Afrikaans hoor vertaal nie? of aan 'n algemene liedjie 'n lokale betekenis en wending hoor gee nie? Of, as daar skeppingstalent ontbreek, dan gaan dit soos met die 'Nuwe Lied': -

‘Omdat die lied nie verder gaan,
Begin ons maar weer van voor af aan -
Die nuwe lied!
Omdat ens.’

Dit verklaar die refrein in die meeste Afrikaanse Pieknieklidjies, wat soms, nes die ‘Nuwe Lied’, heeltemaal herhaal word.

Die Afrikaners is 'n danslutige volk, en vroeër, veel meer nog dan vandag, het hul in die Boland, en nie minder in die Onderveld nie, op die boereplase danspartijtjies gehou, soms in die ruime eet- of voorkamer, soms selfs in die spesiaal daarvoor ingerigte wahuus, waar hul dikwels, bij die afwesigheid van instrumentmusiek, die dans met lidjies moes begelei. (Hieroor sal in 'n volgende bundeltjie van ‘DANSLIEDJIES’ gehandel word). Baje van daardie danslidjies het in die loop van die tyd *getrek*, nes die boerevolk, - veld toe, en toe pieknieklidjies geword.

Hierdie opvattinge gee ons, miskien nie die enige, maar dan tog 'n moontlike en in baje gevalle die werklike, verklaring vir die ontstaan van die meeste afrikaanse pieknieklidjies, waarvan sommige op afrikaanse bodem gebore is, terwyl andere, soos die meeste dinge in Suid-Afrika, van oor die see geïmporteer, maar, wat met die meeste dinge hier te lande nie gebeur nie, hier in die sonnige suide genasionaliseer is. Of hierdie opvattinge werklik opgaan vir die Afrikaanse Pieknieklidjies, kan die leser vir homself toets in die volgende bladsije.

Die versvorm en versmaat van hierdie soort lidjies word bepaal deur die dansmaat en spelwijse van die speletjies, waarbij hul gesing word, want ons het hier te doen met 'n vorm van ballade-poësie, dit is, 'n vorm van poësie, wat oorspronklik waarskynlik ontstaan is en vandag gedeeltelik nog gesing of geresiteer word in verband met dansbeweginge of dergelyke speletjies. Die volgende lidjies is egter nie die enigste afrikaanse danslidjies nie, intendeel is hul maar 'n klein deeltjie daarvan, soos die samestellers hoop om in 'n volgende boekdeeltjie aan

te dui; maar hul is, sover ons kon naspeur, almaal pieknieklidjies, al is hul misskien nie àl die pieknieklidjies nie.

Hul is verskillend van afkoms, inhoud en versmaat, en daarom het ons hul ingedeel na die dansmaat of speelwijse, waarbij hul te pas kom, in *a. Ring-danse*, *b. Rij-danse* en *c. Gemengde Speletjies*, terwyl die benaming Rei-dans, d.i. koor-dans, vir die lidjies van *a.* sowel as vir die van *b.* en selfs vir enkele van *c.* ook geld.

Die feit dat die meeste afrikaanse pieknieklidjies danslidjies is, is seker opmerklik, en 'n mens sou misskien daaruit alleen al kon aflei dat die Afrikaners 'n danslustige volk is, wat die hoeveelheid danslidjies wat in 'n volgende bundeltjie sal verskijn, bevestig. Dit lijk of die Ring-dans, wat ooreenstem met die engelse 'ring-dance', bij Afrikaners die voorkeur geniet, as 'n mens ten minste na die getalle moet oordeel.

Die Afrikaanse pieknieklidjies, in die meeste gevalle produkte van die gemeenskapsgees, is vir ons één van die uitdrukkingsvorme van die afrikaanse volksgevoel, naas die Afrikaanse Taal één van die uitdrukkingsmiddele van die afrikaanse volksgees, en één van die natuurlikste, al is dit dan ook naëfste, openbaringe van die nasionale kultuur en nasionale lewe, blommetjies op die vaderlandse veld gepluk, al is hul dikwels nouweliks meer dan deuntjies - 'Lieder ohne Worte'!

D. Die Afrikaanse piekniek.

'n Korte beskouing oor die afrikaanse piekniek self sal die materiële bestaansvoorwaardes van die pieknieklid in die lig stel.

Die doel is nie om die ontwikkelingsgang van hierdie vermaak te skets, maar net om dit te beskryf soals dit nou bestaan.

Die piekniek is teenwoordig nie 'n plaasgeselligheid. Die boer en sijn familie het geleentheid vir plesier in 'skijf-skiet' - of 'teiken-skiet'-samekomste, in kuiergeselskap, in die jag, in debatsvereniginge, ens. ens. Die groot plaasfees van vroeër was Nuwe Jaar. Ongelukkig is die gesellige famielie-fees nie meer in sijn fleur nie.

'n Piekniek is nie iets vir die plaas nie, eenvoudig omdat dit 'n buitepartijtjie is en die boer geen behoefte het nie aan 'n uitstappie na die veld; dit hoort bij die dorpsgas. Omdat die piekniek betrek is hoofsaaklik binne die kring van die dorpslewe, daarom was die engelse invloed hier ook so sterk in die verlede. Die invloed vertoon sig in die baje engelse speel-liedjies hierbij gebruik, hoewel dit soms al 'n afrikaanse stertjie gekrij het. Heeltemaal engels is b.v. 'King William was King James' son'; 'I send a letter to my love'; 'I buy a horse and borrow a gig'; 'In and out the windows'; ens., en hiervan is net no. 3 'n dansliedjie. Maar die invloed merk ons ook in die naam 'picnic' self en in die naam van die verantwoordelike toesig-houer, die 'chaperon'. Desnietteenstaande is die invloed van die gesonde natuur in en buite die mens hier so sterk gewees, dat ons kan sê van die piekniek en al sijn gereedskap - 'it smacks of race and soil'.

Die frisse bloei van hierdie vorm van vermaak in Suid-Afrika is die natuurlike gevolg van ons heerlike klimaat; want onse son is soos wijn, 'die het hart des mensen verheugt'; en ons is self, als Afrikaners, kinders van die veld.

Van pieknieks is daar twee soorte: die wat slegs één dag duur, en die van langer duur. Laasgenoemde is maar net uitbreiding van die ééndagpiekniek; verskil is alleen dat daar meer koste aan verbonde is en oor die geheel geneem minder speel -

daar word 'uitgekamp' met tente en allerlei ander gereedskap van gerief of gemak, gewoonlik bij 'n rivier of in 'n kloof. Maar hier hoof ons nie meer oor te sê nie. Die gewone en en eienlike piekniek duur maar net één dag, van sonop tot sononder.

Dit kan georganiseer word deur dames, die dan die here als gaste vra, of 'n klompie jongkêrels kan saamstaan om die nooiens (en hulle self) 'n aangename dag te verskaf. Die here sorg dan vir vrugte en koel drank en 'n wa of trollie, vir die koste waarvan elk sijn penninge stort. Hulle dametjies is gewoonlik so vriendelik om vir die meer soliede mondvoorraad te sorg.

Als die piekniek goed georganiseer is, word die totaal van eetgoed onder die sorg van die 'chaperon' gestel, die gewoonlik 'n getrouwe vriend is. Onontbeerlik is veral één of meer ketels en gemaalde koffie plus suiker en melk.

Alles is nou in orde; die baas van die wa is op die hart gedruk om tog nie later als vier uur die volgende môre reisvaardig te wees; en om vier uur is al die piekniekers dan ook op die bjmekaarkomplek - elke kêrel met 'n mandjie en 'n dametjie. Dit is maar koel en die vrolikheid is nog maar in die geboorte; die loomheid van die slaap lê nog op die dorp; buitendien is daar nog 'n sekere terughoudendheid van die beskaafde lewe, soals die is tussen jonge here en dames, wat mekaar vir 'n groot deel nog nouweliks ken. So om sesuur daag die oompie van die wa ook op. En spoedig is die geselskap op weg - stampend en stotend, met lag en lied en aanja en sweepgeklap deur die vroeë môre-lug.

Bij die piekniekplek is bome en daar is water. Gouw is 'n vuurtjie aangelê en die geselskap versprei sig. Als die koffie in die koppies damp dan word daardie klompie jong Afrikaners

vir die dag 'n eenheid - alle dorpelike stijwigheid verdamp bij die nasionale koffiedrank en verdwyn in die sonligte wijdte. Die piekniekgees het sij intrek geneem en sal die drijfkrag lewer vir al die uitbundigheid van die dag - die gees, ja, maar met die hulp van die koffie-keteltjie se 'lewenseksens'.

Dan volg 'n bloemlesing van die speletjies en liedjies wat hier ook volg, met tussenpose vir verversinge, eetgeleenthede, rus, ens. ens. Baje variasie is molik; maar op 'n respektable piekniek is twee dinge kontrabande n.l. kliekerij en sterke drank. Als ekstratjie word hoog gewaardeer 'n mondfluitjie gehanteer deur 'n ekspert in die lijn.

Die fluitjie kan o.a. diens doen als begeleiding bij die spel. Oor die volgorde van die spele word bij akklamasie besluit en almaal word met algemene handgeklap be-eindig. Ook onder die spel word op die maat in die hande geklap, als die inspirasie kragtig werk; dan fonkel die oog en gloei die wang en oor al die warrel strooi die son sij strale neer!

Elke speletjie het sij eie speelwijse, soos in die vervolg bij elk afsonderlik aangegee word, met sekere gemeenskappelijke elemente in almaal weliswaar!

Wat die ringdansen betref, kan als algemene reël gelde dat die spel begin met 'n paar spelers binne 'n ring, gevorm deur die res van die spelers, wat mekaar se hande neem. Die lied word deur almaal saam gesing, soals inderdaad bij al die liedjies sonder onderskeid die geval is, en bestaan in hoofsaak uit twee dele. Onder die singe van die eerste deel kies elke binnespeler vir hom of haar 'n dansgenoot uit die ringspelers; bij die tweede deel dans die binnespelers paar-paar tesaam, soms met ruiling van dansgenote onder mekaar bij 'n mogelike herhaling van die dans. Bij herhaling van die speletjie als geheel moet die

kiesers van die vorige keer inval in die kring buiteom; hul uitverkorene doen dan weer op hulle beurt 'n keuse uit die ringspeiers, sodat elke speler twee dansbeurte na mekaar krij.

Bij die rij-danse, wat gewoonlik ook uit twee dele bestaan, is die dansgenote vooraf al klaar gekies, en na die deurvleg van die rye bij die eerste deel, volg die paarsgewijse 'tiekiedraai-rondedans' van die tweede deel.

Eindelik is die dag verbij, en weemoedig is die oppak en wegtrek van die plekkie af, waar soveel geluk in so korte tyd geniet is. Maar op die wa verander die stemming; die mondfluitjie is nou in sijn element en menige lied galm oor die donkerende pad. Die wa, met of sonder tent, het dikwels veel ooreenkoms met 'n pasgeopende sardiensblikkie van binne. Die liedjies wat nou aan die orde is, kan sentimenteel of grappig, ernstig en vrolik wees. Dis jammer om te sê dat behalwe die nasionale liedere, die meerderheid hier engels is, waaronder meestal gehoor word: 'We are jolly good fellows!' Maar gelukkig hoor 'n mens ook: 'Moenie huil nie, moenie treur nie!' of:

'Hier wil ek nie blij nie,
Want hier is niks van mij nie.
Skulpad is mij koning,
En die wapad is mij woning.'

En so is die piekniek afgelope, en als al die dametjies saam met die lege mandjies veilig weggebêre is, dan voel die ongelukkige pieknieker die nugtere werklikheid weer oor hom neersak en in sijn ellende trek hij maar sijn kop toe onder die komberse, want hij is ook vaak en moeg.

Na 'n paar dae het die gemoedere weer tot normaliteit gekom en dan is daar altijd 'n agterblyfsel van lewensvreugde en

naastelietde, en ook van vaderlandsliefde, wat padkos is vir die lewensreis van elke dag. Want 'n piekniek veeg die skimmel van die beskawing weg van die siel; hij maak 'n mens weer naïef, soos 'n kind, en hij bring emosies oor die verjongde siel - emosies van vreugde en van liefde - en als die dinge aan die end weer wegsak, dan kom daar in die plek 'n gevoel van verlatenheid en met die Prediker voel die teruggekeerde piekniekgas 'n drang om dit uit te klaag: 'IJdelheid, alles is ijdelheid!'

Maar, soos ons gesê het, na 'n rukkie kom daar weer besinking - ja, maar nie als hij ernstig gemeen het, wat hij so met klem op die wa gesing het: -

‘Ag, die lokkies ongebind,
Wat heen-en-weer waai in die wind;
Ag, die ogies, hemelblouw,
Hartjie, ek het lief vir jou!’

En dit gebeur soms!

S.P.E. BOSHOFF,
L.J. DU PLESSIS.

A. Ring-danse.

1. ‘Staan, Pollie, staan!’

a. Lied en Spel: -

Die liedjie word gesing bij 'n gewone ring-dans in die vorm van 'n ‘tiekie-draai’, wanneer die spelers 'n verandering wil hê in die sangwijse van enige ander liedjie, soos ‘Pollie, ons gaan Pêrel toe’, of ‘Wat maak oom Kalie daar?’

Die kêrel is hier blykbaar besig die ja-woord te vra; maar hij val nogal met die deur in die huis; gelukkig hoef die nooi (in die meeste gevalle) dit nie al te ernstig op te neem nie!

b. Liedjie: -

1.

‘Staa - - n, Pollie, staa - - n!
En laat jouw gedagte gaan,
Dat jij vir mij kan sê,
Hoe vèr die liefde lê.’

2.

‘Staa - - n, Pollie, staa - - n!
En laat jouw gedagte gaan,
Dat jij vir mij kan sê,
Of jij vir mij wil hê.’

c. Variante: -

1. 'Dat jij vir mij kan sê': soms 'of jij - - ens'.
2. 'Of jij vir mij wil hê': anders 'vir wie dat jij wil hê'. Dis biekie meer versigtig en bedeesd.

d. Aantekeninge: -

'Staa - - n, Pollie, staa - - n!' Soals bo aangewijs, word hierdie woorde baje gerek gesing; die nadruk, wat so op die *staan* val, is allergeskikst om die nooi te deurdring van die erns van wat kom.

'*Pollie*' is 'n geliefde meisiesnaam in die afrikaanse minneen dans-liedjies. Dis eigenlijk engels en kom veel voor in die Boland; dus één bewijs vir die belangrike aandeel wat die Westelike Provinsie had in die voortbrenging van ons 'ligte liedjies'.

2. 'Pollie, ons gaan Pêrel toe.'**a. Lied en Spel: -**

Die pieknikers vorm hand-aan-hand 'n ring of kring, wat om-en-om draai rondom 'n paar spelers, terwyl die eerste versie gesing word. Bij die aanhef van die tweede versie kies elke binnespeler 'n speelgenoot uit die kring, sodat 'n aantal pare gevorm word. Bij die herhaling van die eerste versie begin die pare met die 'tiekie-draai-dans', wat hul bij die derde versie links-om draai, aan die slot waarvan die eerste ringstaanders hul dansgenote agterlaat en terugkeer in die kring van die omstaanders, wanneer dieselfde proses weer herhaal word.

Nog altijd gaan die lewenslustige en ongekunstelde sang- en dans-kunstenaars van die afrikaanse piekniekvelde af ‘Pêrel toe’, selfs al is hul daar! Van wanneer af gaan hul al? en hoe lang sal hul nog gaan? Wanneer sal hul daar kom, as hul ‘stadig stap in die trein se pad’? of, stadiger nog ‘in die wa se pad’? Wie bekommer hom daaroor? Die wêreld is mos net vir ‘hartlam’ en vir hom alleen! Hij het ‘hartlam’ onbeskroomd gedwing om vir haar 'n stuk te krij, en sonder sentimenteligheid botweg en boudweg homself aangebied! Die dans en die liedjie gaan volkome saam! Let hier op die alliterasie, wat kentekenend is vir bijna alle ballade-poësie.

b. Liedjie: -

1.

‘Pollie, ons gaan Pêrel toe,
Pollie, ons gaan Pêrel toe,
Pollie, ons gaan Pêrel toe,
Ek en jij alleen.’

2.

‘Hartlam, krij vir jou 'n stuk,
Hartlam, krij vir jou 'n stuk,
Hartlam, krij vir jou 'n stuk,
Net vir jou alleen.’

3.

‘Hartlam, ek het lief vir jou,
Hartlam, ek het lief vir jou,
Hartlam, ek het lief vir jou,
Net vir jou alleen.’

Refrein: -

‘Pollie, ons gaan Pêrel toe,’ ens.

c. Variante: -

I.p.v. 2. en 3. hoor 'n mens soms: -

2.

‘Stadig stap in die trein se pad,
Stadig stap in die trein se pad,
Stadig stap in die trein se pad,
Ek en jji alleen.’

3.

‘Die wêreld is vir mij en jou,
Die wêreld is vir mij en jou,
Die wêreld is vir mij en jou,
Net vir mij en jou alleen.’

Refrein: -

‘Pollie, ons gaan Pêrel toe,’ ens.

Verder hoor 'n mens ook: ‘*in die wa se pad*’ i.p.v. ‘*in die trein se pad*’, en dan gee SCHONKEN nog (O.K.-H.V. p. 113) i.p.v.

‘Pollie, ons gaan Pêrel toe,’ (*driemaal*),

die volgende: -

‘Pollie, ons gaan Pêrel toe,
Pêrel toe, Pêrel toe,’ ens.

Hierdie lesing is ook bekend; maar wat ons onbekend is, is die redaksie van STEPHANUS MARÉ, wat in ‘*Tiekiedraai*’ nog die volgende voorspel gee: -

(‘Dag, lief hartjies, dag, mooi skapies,
Dag, suikerbekkies, ons gaan jul nou verlaat.’)
‘Pollie - - - - -’ ens.

a. Aantekeninge: -

1. *'Pêrel'*. Dis die gewone afrikaanse uitspraak van die dorpsnaam 'Paarl'. Is hierin 'n aanduiding van die plek, waar die liedjie ontstaan is?
2. *'trein se pad'*: - Die ouere lesing is seker 'in die wa se pad', en die jongere 'in die trein se pad', waarvan 'n mens die ouderdom min of meer kan vasstel as na die koms van die trein in Suid-Afrika.
3. *'O.K.-H.V.'*: - Ons bedoel natuurlik F.TH. SCHONKEN se 'Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen.' (Vertaling van D. FULDAUER, Amsterdam, 1914).

3. 'Daar kom die wa!'**a. Lied en Spel: -**

'n Baje bekende speel-liedjie, wat gesing word bij 'n gewone ringdans, is die van die 'vier-perde-wa'. Soos gewoonlik, is daar nie veel samehang in die woorde nie - natuurlik nie! Want kijk die vier-perde-wa, seker vol vrolike jong-kêrels en nooiens, die wa sonder naam, kom na 'n plesier-geleentheid: 'n swaaiëry en draaiëry! En daarmee het samehang, of laat ons sê, logiese konsekwensie tog maar bitter weinig uitstaande, nie waar nie?

Die 'tiekie-draai' kom bij die slot-koeplet; bij die herhaling daarvan word 'vervat' en andersom gedraai.

b. Liedjie: -

(‘Jan, Jan, die lekker Jan,
 Die lekker Jan van Pa.’)
 ‘Daar kom 'n wa, 'n vier-perde-wa!
 Hij het nie naam nie;
 Sij naam moet hij nog krij.
 Tant' Leentjie swaai, stadig draai,
 Daar onder in die baai.
 Tant' Leentjie swaai, stadig draai,
 Daar onder in die baai.’

c. Variante: -

SCHONKEN (O.K.-H.V. p. 114) noem hierdie piekniekliedjie eenvoudig als 'n dansliedjie. Sij lesing verskil van wat bo gegee is in die volgende besonderhede: -

1. ‘die wa, die vier-perde-wa’,
2. ‘Hij moet s'n naam nog krij’,
3. ‘Onder om die draai’.

d. Aantekeninge: -

1. ‘*Jan, Jan*, ens.’: - hierdie koeplet word soms in die Westelike Provinsie van die K.P. vooraf gesing, dikwels selfs op die weg piekniek toe, i.p.v. die gewone engelse liedjie: ‘We are jolly good fellows’.
2. ‘*Vier-perde-wa*’: - (spreek uit: ‘vier-pêre-wa’;) waarskynlik 'n vere-waantjie, wat vóór die oorlog die geliefde rytuig was vir kerk- of feesgeleenthede. En was dit nie mooi nie: die sindelike wit-tent-waantjie, met sij vurige kleurspan!
3. ‘*Daar onder in die baai*’: - ja, *daar* is die plek van die ‘plesier’. Stam die liedjie misskien uit die tijd van vóór die Trek, toe die Baai nog *die* plek was? (Vgl. ook die uitspraak

van ‘tant’ Leentjie’ als ‘tant’ Lientjie’ of ‘talientjie’, wat eigenlijk bolands is en tog altijd hier gehoor word). Of is die liedjie later uit die Westelike Provinsie van die K.P. ingevoer?

4. ‘*Onder om die draai*’: - hierdie variant is minder bolands, en is miskien die spesiaal onderveldse lesing, waar die Baai natuurlik nie so bekend was as die plek vir vrolikheid en plesier.

4. ‘Daar kom die wa met die vis!’

a. Lied en Spel: -

Hierdie vis-wa piekniekliedjie word gesing bij 'n ringdans, en die woorde ‘kom proe gerus’ gee die teken vir ‘mij liewe ou sus’ om te kom proe, nie alleen van die ‘vis! vis! vis!’; maar ook van die draai! draai! draai! van die ‘tiekie-draaironde-dans’.

Is die liedjie ‘Kinders, moenie in die water mors nie’ waarskynlik van vrijstaatse herkoms, dan is ‘Daar kom die wa met die vis!’ waarskynlik van bolandse oorsprong, want *daar* rij die viswa rond, en kan ons ons goed voorstel dat 'n visverkoper skreeuw: - ‘Kom proe gerus, mij liewe ou sus, die lekker vis! vis! vis!’

b. Liedjie: -

‘Daar kom die wa met die vis!
 Daar kom die wa met die vis!
 Daar kom die wa met die lekker vis!
 Kom proe gerus, mij liewe ou sus,
 Daar kom die wa met die vis! vis! vis!’

5. 'Rokkies wou sij dra.'

a. Lied en Spel: -

Die melodie van hierdie ringdans is tamelik weemoedig, wat 'n grappige kontras vorm met die komies-ernstige woorde, en tog weer daarby pas. Vergelyk die klagende melodie van: 'Brandewijn, laat mij staan'.

Hoe min logika te doen het met afrikaanse dansliedjies, blyk ook weer hier: b.v. niemand kijk na die skoentjies (of 'rokkies'), en tog staat almaal daaroor verslae!

b. Liedjie: -

'Rokkies wou sij dra,
Maar niemand kijk daarna,
En almaal staat verslae,
Om sij die rokkies dra.'

Refrein: -

'Oom Jannie se mama, goggabie! goggabie! goggabie!
Oom Jannie se mama, goggabie!
Mooi is sij, maar lelik nie.'

c. Variante: -

| | |
|----------------|--------------------------------------|
| I.p.v. reël 1: | 'Skoentjies wil sij dra'; dus ook in |
| reël 4, | 'skoentjies' i.p.v. 'rokkies'. |
| En reël 3 | 'staan' i.p.v. 'staat'. |

Die aantal versies kan vermenigvuldig word tot in die oneindige deur te sing van 'rokkies', 'skoentjies', 'lintjies', ens.

d. Aantekeninge: -

'Oom Jannie se mama, goggabie.' Is 'Mama se kindjie, goggabie!' wat dikwels apart gehoor word, net soos 'Jan, Jan, die lekker Jan, ens.' (in die geval van: 'Daar kom die wa!') misskien 'n variant vir 'Oom Jannie se kindjie, goggabie!'

6. ‘Vèr in die wêreld, Kittie!’

a. Lied en Spel: -

‘Vèr in die wêreld, Kittie!’ is 'n ringdans-liedjie, nes ‘Rokkies wou sij dra’. Hot-om en dan weer haar-om gaan die ‘tiekiedraai-getrippel’ bij die woorde: -

‘Sij laat haar draai,
En sij laat haar swaai,
Maar sij laat haar niet verraai’,

wat tweemaal gesing word.

Wie Kittie is, weet nugter - seker 'n blinkoog-kokètjie vèr in die wêreld oor die see! Wie kan dit skeel? solang die danser vir die oomblik maar in sij draaiende dansgenootjie die kokettige Kittie sien. As die ontnugtering kom, dat sij haar nie laat verraai nie! - maar wie is op 'n piekniek onder die betowering van die dans so nugter om oor 'n uiteindelijke ontnugtering te dink?

b. Liedjie: -

‘Vèr in die wêreld, Kittie!
Kittie! Kittie!
Vèr in die wêreld, Kittie!
Kittie oor die see.
Sij laat haar draai,
En sij laat haar swaai,
Maar sij laat haar nie verraai!
Sij laat haar draai,
En sij laat haar swaai,
Maar sij laat haar nie verraai!’

c. Aantekeninge: -

‘*Draai - swaai - verraai.*’ Terwille van die rijm is die afrikaanse dubbele negatief in die laaste reël oorboord gegooi.

7. ‘Japie, mij skapie.’

a. Lied en Spel: -

Hierdie ‘kalkoentjies-trap’-ringdans het heelwat afwisseling in die handeling en is ook tamelik dramaties, wat betref die verband tussen woord en daad. (Vgl. ‘Jan Fiskaal.’).

Met die reël: ‘kalkoentjies trap also, also, alsó’, kies die binnespelers 'n ‘skapie’ of 'n ‘blaartjie’. Dan volg 'n wederkerige getrippel, waarbij die één voet aldeur oor die ander gewip word, heen-en-weer.

Die tempo van die sang stijg vinnig tot by die laaste ‘alsó’, wat met nadruk gesing word om oor te gaan in die vervoering van die laaste koeplet, wat skielik wegsak en stap-stap tot staan kom met ‘so-als jij’; om weer van vooraf aan te begin.

Melodie, woord en handeling hoort by mekaar, swel saam aan en sink saam weg. Die volgende verdeling maak dit duidelik: -

- a. Voorsang, wat die stemming wek,
- b. Voorspel, wat die handeling voorberei,
- c. Spel en sang verenig in die hartstogtelike warrel van die laaste koeplet.

b. Liedjie: -

a.

‘Japie, mij skapie,} Tweemaal.
Ek het lief vir jou.’}

of

‘Saartjie, mij blaartjie,} Tweemaal.
Ek verlang na jou.’}

b.

‘Kalkoentjies trap also, also, alsó,
Kalkoentjies trap also, also, als jij!’

c.

‘In die wêreld is g'n éne nie, g'n éne nie, g'n éne nie;
In die wêreld is g'n éne nie, so-als jij!’

c. Variant: -

I.p.v. ‘Japie’: ‘Andrew’ - 'n onnodige verbastering van hierdie afrikaanse liedjie.

d. Aantekeninge: -

1. ‘*Skapie, blaartjie*’: twee voorbeelde uit die rijke *vocabulary* van die afrikaanse minnaar. Sij ‘soet naampies’ het gewoonlik meer te doen met rijmlus of humor dan met 'n verliefde verbeelding.
2. ‘*Kalkoentjies trap also ens.*’ die toespeling op die liefdesdans van die kalkoen is nie baje kies nie, maar is ook vir die spelers nie aktueel nie. Let verder op die vorm ‘also’, wat anders in Afrikaans nie gebruikelik is nie, i.p.v. ‘so’. Hierdie reël verklaar die vraag van TOTIUS in sijn ‘Trekkerswee’, n.l. of die warrelwind miskien 'n toorheks is wat ‘met die voddegoed en stof kalkoentjies-trap.’ (TOTIUS: - ‘Trekkerswee’ p. 60).

8. ‘Vat jou goed en trek, Ferreira.’**a. Lied en Spel: -**

‘Een geschiedkundige achtergrond - het stamt uit de tijd van de grote trek - heeft ook het bekende en verhaspelde lied “Vat jou goed en trek, Ferreira”, waarvan de melodie

echter in het Zuiden veel veranderd is. Het is opmerkelijk, hoe spoedig hier de oorspronkelijke gedachte door de lezing: “al aan die één kant swaar dra” in plaats van “swaar dra” geheel onverstaanbaar is geworden.’ So skryf SCHONKEN (O.K.H.V. p. 122).

Onder die voortrekkers was heelwat Ferreira's, en waarskynlik word hier besing die aanstalles tot vertrek van één van hul. Hoe die historiese liedjie op die piekniek tereg gekom het, is onbekend. Hier dien dit als begeleiding van 'n gewone ring-dans.

b. Liedjie: -

‘Vat jou goed en trek, Ferreira,
Vat jou goed en trek, Ferreira,
Agter die bos is 'n klompie perde;
Vat jou goed en trek, Ferreira!’

Refrein: -

‘Al aan die één kant swaar(d) dra,
Swaar(d) dra, swaar(d) dra,
Al aan die één kant swaar(d) dra,
Vat jou goed.....’ ens.

c. Variante: -

1. Reël 3: ‘Vat jou perde en trek, Ferreira;’
2. *Refrein*: -

‘Swaar(d) dra, al aan die één kant swaar(d) dra,
Vat jou goed en trek, Ferreira,
Agter die bos is 'n klompie perde.’

Die aantal versies kan vermenigvuldig word deur te sing ‘vat jou goed’, ‘jou perde’, ens. (vgl. ‘Rokkies wou sij dra’).

d. Aantekeninge: -

1. ‘*Ferreira*’ uitgespreek ‘*Ferrêre*’. Die naam kom ook voor in die dansliedjie (?) ‘Oom Jannie met die hoepelbeen, Ferreira’.
2. ‘*Perde*’ word uitgespreek ‘*pêre*’ en besonder duidelik hier, omdat die klemtoon op die woord val in die sing, en omdat dit rym met Ferreira.

9. ‘Ander man se koffie.’**a. Lied en Spel: -**

Hierdie is één van die pieknieklidjies, wat van engelse oorsprong is, maar in ons land verafrikaans is - in *die* geval gedeeltelik. So'n afrikanisering van vreemde liedjies is heeltemaal nie 'n seldsame verskijnsel nie. Deur die *gedeeltelike* verafrikaansing word die reisang 'n gemengde liedjie, wat ook dikwels voorkom in lande (soos die Elsas), waar één kultuur op 'n ander inwerk, en wat veral besondere bekoring het vir die olike, vrolike kaapse Hotnots!

Soos sijn naam sê, is die spel 'n dans binne 'n kring van spelers. Dansgenote word hier deur die binnespelers gekies bij die derde reël van die engelse gedeelte - die dansie is 'n ‘setiés’, met twee passe links en twee regs, bij die ‘koffie’ en die ‘tee’, en 'n rondomtalie bij die ‘dogter’ (of die ‘pretty girlie’).

b. Liedjie: -**a. Engelse deel.**

(‘There's a rose in the garden for you, young man;
 There's a rose in the garden for you, young man;
 So choose the lady with the white dress on.
 Some like coffee, some like tea,
 Some like a pretty girlie just like me.’)

b.

‘Ander man se koffie, ander man se tee;
 Ander man se dogter, die draai julle mee’

c. Variante: -

Soms is die dansgedeelte langer en word ook die volgende koeplette bij-gesing: -

‘Dis nie mijne nie, dis nie jouwe nie,
 Dis ander man se goed, waar julle om strij.’

‘Hoog is die solder, laag is die vloer,
 Mooi is die dogter, lelik is die moer.’

‘Hoender-kop-en-pootjies en tamatie-slaai,
 Dis die nooientjie, wat ek mee wil draai.’

a. Aantekeninge: -

1. ‘*draai julle mee*’: - ook ‘draai ek mee’.
2. ‘*Ander man se koffie, se tee, se dogter*’: - hier sit baje meer pit in als in die soetsappige woorde van die oorspronklike engelse lesing. Want waarlik dit is ‘ander man se goed’, en bowe-al die ‘ander man se *dogter*’; en dit maak die geval juis so interessant.

3. '*Nie jouwe nie*': gewoonlik gesing 'nie joune nie'. 'Joune' is seker 'n analogie-vorm na die voorbeeld van die voorafgaande 'mijne': die ooreenkoms en die verskil werk die analogie-vorming in die hand.
4. '*Waar julle om strij*': ook wel 'waar julle mee draai' (vgl. bo), of 'wat jij na vrij'. Dikwels word gesing 'wat' i.p.v. 'waar'.
5. '*Die solder*': dit beteken gewoonlik in Afrikaans die 'solderkamer'; hier is dit gelijk aan 'sieling' of 'dak'; vgl. die woord 'brandsolder' en die bolandse 'opsolder', die tweede verdieping bo die 'solder' of 'sieling'. Het ons hier mischien 'n herinnering aan die oorspronklike dansplek - die voorhuis of wahuus?
6. '*Moer*': gewoonlik word hierdie vorm van die woord net in die geval van vee gebruik; of in uitdrukkinge soos 'loop na jouw moer'; maar die eise van die rijm het afwijking hier noodsaaklik gemaak.
7. '*Hoender-kop-en-pootjies*': 'n beskrywing van die piekniekeetgoed, soos 'ander man se koffie, ander man se tee', 'n beskrywing is van die drinkgoed. Hier word nooit gehoor 'waar' i.p.v. 'wat' nie.

10. 'Ek soek na mij Dina!'

a. Lied en Spel: -

'Ek soek na mij Dina!' word, nes 'Pollie, ons gaan Pêrel toe' en 'Ander man se koffie', gesing bij 'n ringdans; maar

in hierdie geval is dit nie 'n 'tiekiedraai'-dans nie, of 'n 'setiés', maar 'n wals.

Ons het hier dus te doen met 'n liedjie, wat heel waarskynlik van die woonhuis verhuis het na die wahuus, en daarvandaan af veldtoe getrek het - agter die piekniek-makers aan, wat 'soek na hul Dina!'

Bij die sing van die eerste versie loop die binnespelers in die ring rond, bij die tweede gaan hul staan, elkeen voor sij Dina, en bij die slotvers swaai die pare in die ring, regs-om op die walsmat, en dan bij die refrein weer links-om. Verder volg hul dieselfde dansproses as in 'Pollie, ons gaan Pêrel toe,' waarmee 'Ek soek na mij Dina!' nie in dansmaat nie, maar in speelwijse, stap-vir-stap ooreenstem.

b. Liedjie: -

1.

'Ek soek na mij Dina!
Mij Dina! mij Dina!
Ek soek na mij Dina!
Mij Dina nabij!'

2.

'En waár is mij Dina?
Mij Dina? mij Dina?
En waár is mij Dina?
Mij Dina nabij?'

Refrein: -

'En hiér is mij Dina!
Mij Dina! mij Dina!
En hiér is mij Dina!
Mij Dina nabij!'

c. Aantekeninge: -

1. ‘*Dina*’: Behoor Dina ook tot dieselfde geslag van onbekende piekniek-persone as oom Kalie, oom Jannie, Japie, Ferreira, Pollie en Kittie?

11. ‘Al is die geelbek nog so pap.’

a. Lied en Spel: -

Met hierdie liedjie gaan ons eienlik oor op die gebied van die *dans* in onderskeiding van ‘tiekiedraai’, of ‘piekniek-dans’, hoewel die ‘frikkel’ ook hier en daar op pieknieks ‘gekap’ word: selfs ‘regte’ danse sonder woord-begeleiding word soms op pieknieks bij die mondfluitjie uitgevoer.

SCHONKEN (O.K.-H.V. p. 48) sprekende oor private danspartije, sê dat die ‘*polka*’ dikwels ‘geelbek’ genoem werd na hierdie liedjie, wat daarbij gesing werd.

Ons het hier dus 'n duidelike voorbeeld van 'n dansliedjie, wat van die opstal na die veld verhuis het, van die dans-geleentheid na die piekniek, sodat ‘Al is die geelbek nog so pap’ waarskynlik hoort bij ‘Ander man se koffie’ en ‘Ek soek na mij Dina!’ Misskien het die meeste piekniek-liedjies dieselfde oorsprong. (Vgl. ‘Ander man se koffie’, veral die woorde: ‘hoog is die solder, laag is die vloer’, en die opmerking daarbij; alsook die inleiding op ‘Ek soek na mij Dina!’). Lied en handgeklap het die oorspronklike musiek te hulp gekom, vandaar die baie liedjies bij dieselfde danswijsies. (Vgl. SCHONKEN O.K.-H.V. p. 113).

b. Liedjie: -

‘Al is die geelbek nog so pap,} *Tweemaal.*
 Dis goed om frikkadel te kap!} *Tweemaal.*
 Frikkadel te kap! Frikkadel te kap!
 Al is die geelbek nog so pap,
 Dis goed om frikkadel te kap!
 Al is die geelbek nog so pap.’

c. Aantekeninge: -

1. ‘*Geelbek*’: 'n soort vis, salm. Die gebruik van die geelbek vir frikkadel maak dit waarskynlik, dat die liedjie uit die Westelike Provinsie kom.
2. ‘*Om frikkadel te kap*’: om frikkadel van te kap; so 'n inkorrekte konstruksie kom dikwels voor in die spreektaal.

12. ‘Walking on the green grass.’**a. Lied en Spel: -**

Bijna tien jaar gelede het SCHONKEN geklae (O.K.-H.V. p. 195): ‘het aardige oeroude ronde-dans-spel van “Patertje langs de kant”, dat nog voor weinige jare bekend was, word teregwoordig (overal?) met de smakelose begeleiding van “Walking on the green grass” gespeeld.’

Nou is dit wel waar, 'n treurige feit; maar verblydend is dit om te sien hoe ook hier die afrikaanse piekniek-lug herskeppend begin werk het op die engelse indringer.

‘Patertje langs de kant’ word vandag nog in Holland ge-

speel, en dis 'n gewone ring-dans. In Suid-Afrika begin die 'tiekiedraai' bij die weiering van die 'naughty girl' om in te kom, en word dit anders-om voortgeset bij die verkrijging van die 'eie goed'. Verder verklaar die woorde self die spel.

b. Liedjie: -

a. Engelse deel.

('Walking on the green grass, green grass, green grass,
Walking on the green grass; one, two, three!
Fair maid, pretty maid,
Give your hand to me.
I like to see the black bird,
The black bird on the tree!
And the coo, coo, see! And the merry, merry we!
So we all clap hands together!

Naughty girl, she won't come up, won't come up, won't come up!
Naughty girl, she won't come up; one, two, three!')

b. (i.p.v. vorige koeplet).

'En nou het ek mij *eie* goed, mij *eie* goed, mij *eie* goed,
En nou het ek mij *eie* goed: één, twee, drie!'

c. Aantekeninge: -

1. *Die liedjie*. Die waarheid van SCHONKEN se opmerking (O.K.-H.V. p. 194) dat nl. die indringe van engelse speletjies 'begunstigd wordt door het oud-Germaans, gemeenschappelik bezit van vele spelen', blijk ook weer hieruit; maar die jongspan worstel hard om van die Engels, wat SCHONKEN tereg smakeloos noem, weer tot Afrikaans te kom; dikwels b.v. word gesing

i.p.v. 'Fair maid' ens, 'vlermuis, mooie muis, gee jouw hand vir mij,' al is dit maar swak.

2. '*Mij eie goed*': dis opmerklik dat bij die ander gemengde liedjie 'There's a rose in the garden', net anders-om as hier, die triomfsang was oor '*ander* man se dogter'.

13. 'Rosie.'

a. Lied en Spel: -

Ons het hier, nes in 'Walking on the green grass', te doen met 'n engelse liedjie, voorsien van 'n afrikaanse stertjie, soos die tweetalige liedjies, wat 'n mens in andere lande ook krij, b.v. die duits-franse gemengde liedjies in die Elsas. (vgl. SCHONKEN: O.K-H.V. p. 144). In hierdie geval is die afrikaanse stertjie baje stomp, nes die van die genasionaliseerde merinoskaap. Ook die 'Rosie'-liedjie wat gesing word bij 'n ring-dans, is hierin 'n tiepiese voorbeeld van baje genasionaliseerde piekniek-liedjies.

b. Liedjie: -

a. Engelse deel.

('Rosie, my darling,
My darling, I love you well.
Rosie, my darling,
My darling, I love you well.

Refrein: -

Rosie is my darling dear,
Darling dear! Darling dear!
Rosie is my darling dear.')

b.

'Skud jij die boom, dan val daar 'n peer!'

c. Aantekeninge: -

Hierdie lesing verskil 'n klein bietjie van die wat SCHONKEN gee (vgl. O.K.-H.V. p. 144-5); maar soos ons dit hier gee, het ons dit gehoor. Hierdie soort gemengde liedjies is veral gelief bij die Hotnotsvolk, en stam in baie gevalle oorspronkelyk van hulle af.

14. ‘Die hiefel en die fiefel.’

a. Lied en Spel: -

Hierdie wonderlike piekniek-liedjie, wat feitelik nie meer as 'n deuntjie is nie - 'n liedjie sonder woorde - word gesing bij 'n ringdans of bij 'n rijdans, en kan hier dus dien om die oorgang te vorm tot die volgende klas van liedjies, n.l. die wat bij rijdanse gesing word.

Word ‘Ek soek na mij Dina!’ gesing op 'n walsmaat, ‘Ander man se koffie’ bij 'n ‘setiés’, en ‘Al is die geelbek nog so pap’ bij 'n polka dans, dan word ‘Die hiefel en die fiefel’ gesing op die maat van 'n ‘paddika’, soos die Afrikaners 'n ‘pas-dequatre’-dans noem. Verder begin bij die ‘hiefel-en-die-fiefel’-liedjie die dans sommer van die staanspoor af, wat dit, sowel as die danswijse, waarskynlik maak, dat ook hierdie liedjie oorspronkelyk 'n gewone dans-, en nie 'n piekniek-liedjie, was.

Opmerkelik is hier ook weer die aaneenskakeling van betekenislose(?) woorde met assonansie, wat 'n mens laat dink aan Hertog Jan I van Brabant se minne-liedjie, waarin telkens weer die woorde voorkom: - ‘harba lori fa!’

b. Liedjie: -**1.**

‘Die hiefel en die fiefel,
 En die ha! ha! ha!
 Die hiefel en die fiefel,
 En die ha! ha! ha!’

2.

‘Daar onder in die dennebos,
 En die tra-la-la!
 Daar onder in die dennebos,
 En die tra-la-la!’

c. Aantekeninge: -

‘*Hiefel*’: - sou dit miskien die bolandse uitspraak wees vir Nederlands ‘hevel’ (= kraan, hijswerktuig)? maar wat beteken ‘fiefel’ dan? Of behoort al twee hierdie woorde tot die wonderlike woordeskat vir piekniek-liedjies? (Vgl. bij ‘Oom Jannie met sij lakense pak.’)

B. Rij-danse.

15. ‘Venaand gaan die volkies koring snij.’

a. Lied en Spel: -

‘Venaand gaan die volkies koring snij’ word, nes ‘Wat maak oom Kalie daar?’ gesing as 'n begeleidende liedjie bij 'n rijdans. (Sien bij ‘Wat maak oom Kalie daar?’).

Die vreemdeling, wat in hierdie piekniek-liedjie miskien 'n afrikaanse werklidjie sien, waarin die arbeider van die koringsnij-werk sing en hom beklaag oor die geliefde, wat in die ‘wag-'n-bietjie-bos’ hang, sal hom deerlik misgis, want werk beteken hier kwijtraking van oortollige energie, en die op-en-neer bewegende koring-are, wat hier in die verbeelding in volle gerwe armsvol binnegehaal word, is - omarmde meisies, wat ‘tiekiedraai’! Wie kan dit dan skeel of die geliefde - *hulle* is op 'n piekniek mos volop - vir 'n oomblik aan 'n ‘bitterbessie-bos’ hang?

Let op die alliterasie in die laaste lijntjie!

b. Liedjie: -

‘Venaand gaan die volkies koring snij,
 Koring snij! (koring snij!)
 En venaand gaan die volkies koring snij, (koring snij).
 Mij geliefde hang in (aan) die bos,
 Mij geliefde hang in (aan) die bos,
 Mij geliefde hang in (aan) die bitter-bessie-bos!’

c. Variante: -

1. I.p.v. ‘volkies koring snij’ hoor 'n mens ook ‘boertjies koring snij’. STEPHANUS MARÉ gee (in ‘*Tiekiedraai*’) nog 'n ander emendasie: ‘Venaand gaan die meisies koring saai’; maar dit lyk vir mij, na die inhoud beoordeel, minder waarskynlik.
2. I.p.v. die allitererende ‘bitter-bessie-bos’ hoor 'n mens ook die naam van die eg afrikaanse ‘wag-'n bietjie-bos’.

d. Aantekeninge: -

‘*Koring*’: In hierdie liedjie hoor 'n mens gewoonlik duidelik die afrikaanse velarisering van die slot -n na r + toonlose e b.v. doorn-doring, garen-garing, hoorn-horing en koren-koring. (Vgl. SCHONKEN O.K.-H.V. p. 172).

16. ‘Siembamba.’**a. Lied en Spel: -**

'n Aantal jongetjies en meisies staan in twee rye teenoor mekaar, en klap in hul hande, terwyl hul die ‘Siembamba’-

liedjie sing. Die eerste paar haak mekaar in en draai 'n keer rond, en dan gaan hul kruiselings oor-en-weer langs die rye af, en beurtelings haak hul, dan met die één arm en dan met die ander, 'n meisie of 'n jongetjie in, en daarna weer mekaar, totdat hul onder by die rye uit is, wanneer 'n nuwe paar weer aan die bo-einde van die rye begin, wat gewoonlik by grote geesdrif vroeër al gebeur.

Wat 'n eenaardige produk is hierdie piekniek-liedjie! Dit begin soos 'n vertroostende wiegelieliedjie, en eindig soos 'n duiwelse dodedans! Die hoofsaak is dat daar moet getrippel en getrap word! Van die standpunt van die lewenslustige en lawaaimakende piekniek-makers is dit 'n soetsappige sentimentelheid, wat verantwoordelik is vir die variante, wat aan 'mame se kindjie' nog 'n stukkie brood' wil gee, dat hij kan groot word, of uitstel tot môre om dood te gaan!

b. Liedjie: -

'Siembamba, mame se kindjie,
Siembamba, mame se kindjie,
Draai sij nek om,
Gooi hom in die sloot,
Trap op sij kop, dan is hij dood!
Siembamba- - ' ens.

c. Variante: -

I. p.v. reël 5:

'Gee hom 'n stukkie brood, dan word hij groot!'

of

'Môre-oggend is hij dood!'

(Vgl. SCHONKEN, O.K.-H.V. p. 112).

d. Aantekeninge: -

1. ‘*Siembamba*’: Wat sou hierdie woord beteken? Ook vir SCHONKEN was die woord ‘raadselachtig’. (vgl. O.K-H.V. p. 111 en voetnoot).
2. Volgens SCHONKEN gelijk die ‘Siembamba’-spel op die in Amerika bekende ‘Virginia Reel’. ‘Het slot’, sê hij, ‘doet denken aan het oude mythologische rijm bij Boekenoogen, “Onze Rijmen” 21: -

Ze gooide het in de sloot,
Toen was het kindje dood.’

(Vgl. O.K-H.V. p. 111 ens.).

17. ‘Kinders, moenie in die water mors nie.’**a. Lied en Spel: -**

‘Kinders, moenie in die water mors nie’, word gesing bij 'n rij-dans, nes ‘Venaand gaan die volkies koring snij’. Na die deurvleg van die rije, val die spelers, bij die vijfde versreëltjie, weg met die ‘tiekiedraai’-rondedans.

'n Mens sou sê dat hierdie piekniek-liedjie afkomstig is uit die Vrijstaat, waar die water skaars is, en dikwels ‘van vèr af’ uit die dam moet gehaal word. Ons het hier waarskynlik te doen met 'n gelokaliseerde liedjie, want ‘Tafelkop se dam’ sinspeel hier moontlik op Tafelkop nabij Senekal in die Vrijstaat, waar hierdie liedjie bekend, en deur ons gehoor, is. Wat daar oorspronkelyk misskien gestaan het i.p.v. ‘Tafelkop se dam’,

het dit ons tot-nog-toe nie geluk om uit te vind nie. Moontlik kan ‘Tafelkop’ hier ook maar 'n algemene eienaam wees, soos die van ‘oom Kalie’ en die ‘Pêrel’, en die name van al die andere oompies en dorpe in ons piekniek-liedjies.

Ook in hierdie dans-liedjie vertoon sig spore van alliterasie, wat, bij die afwesigheid van instrumentmusiek, op 'n piekniek, die dansbeweginge baje te hulp kom.

b. Liedjie:

‘Kinders, moenie in die water mors nie,
Die ou mense wil dit drink.
O kinders, moenie in die water mors nie,
Die ou mense wil dit drink.
Dit kom van vèr af,
Dit kom van vèr af,
Dit kom van vèr af,
Van Tafelkop se dam.’

18. ‘Wat maak Oom Kalie daar?’

a. Lied en Spel: -

'n Rij jongetjies staan teenoor 'n rij meisies, en, terwyl hul in die hande klap, hef hul die liedjie aan: - ‘Wat maak oom Kalie daar?’ Bij die eerste reëltjie kruis die rye oor-en-weer, en bij die herhaling van ‘Wat maak oom Kalie daar?’ kruis die rye weer terug tot hul oorspronklike posisies. Bij die aanhef van ‘Oom Kalie steek 'n stijwe dop’, ontmoet die twee

rije mekaar weer, en dan volg - die vervoering van die verleidelike afrikaanse 'tiekiedraai'. Dan word die liedjie en die dansbeweginge weer van voor af aan herhaal, totdat 'n algemene handgeklap 'n end maak aan altwee. Dit is 'n tiepiese voorbeeld van 'n afrikaanse piekniek-rij-dans.

Hierdie liedjie kan ook gesing word as 'n begeleiding bij 'n ring-dans in 'n kring, waarin jongetjies en meisies om die beurt naas mekaar te staan kom. (vgl. die engelse liedjie: - 'I'll buy me a horse, and borrow a gig, and all the world shall have a ride: to push the business on!')

Daar is meer inwendige samehang in 'Wat maak oom Kalie daar?' dan in die 'Siembamba'-liedjie; maar die piekniekgees van uitbundige baldadigheid is dieselfde: oom Kalie steek 'n stijwe dop, word hoenderkop, en dan moet sij vrou deurloop onder die besemstok! Dis misskien bedoel as 'n waarskuwing vir die piekniek-nooientjies!

Wat die vorm betref, mag gewijs word op die assonansie en die alliterasie.

b. Liedjie: -

'Wat maak oom Kalie daar?
 Wat maak oom Kalie daar?
 Oom Kalie steek 'n stijwe dop,
 Hij slaan sij vrou met die besemstok!
 Wat maak oom Kalie daar?
 Wat maak - - - -' ens.

c. Aantekeninge: -

1. '*Steek 'n stijwe dop*': Hierdie uitdrukking, wat deur-en-deur afrikaans is, herinner tog sterk aan die dop-wijn, wat die

Hotnots-volk nog dageliks in die Westelike Provinsie van die K.P. steek. Sou hierin misskien 'n aanduiding lê van die plek van herkoms van hierdie piekniek-liedjie?

2. *Die liedjie*: Van die liedjie sê SCHONKEN (O.K.-H.V. p. 112, en voetnoot, waarin hij verwys na ERK und BÖHME: 'Deutscher Liederhort' [II, 50): - 'De melodie is met 'n kleine afwijking dezelfde als van het bekende Duitse groenelied: "Was kommt dort von der Höh'?" Ook de opzet van de Afrikaanse tekst is geheel dezelfde. De melodie van het studentenlied is eerst in de 19de eeuw aan een oude volksmelodie uit de 18de eeuw ontleend, welke waarschijnlijk regelrecht door Duitsers in Zuid-Afrika is ingevoerd.'

19. 'Oom Jannie met sij lakense pak.'

a. Lied en Spel: -

'Oom Jannie met sij lakense pak' word gesing bij 'n rij-dans, wat op dieselfde manier uitgevoer word as bij 'Venaand gaan die volkies koring snij.'

Bij die eerste twee reëltjies kruis die rije, bij die herhaling daarvan herkruis hul, en bij die aanvang van die tweede vers, dan - die leser weet al wat kom dan!

'n Mens krij die indruk dat dit nie 'n oorspronkelike piekniek-liedjie is nie, want wie kom dan op 'n piekniek met 'n 'lakense pak'? Of was dit misskien die onnatuurlikheid van oom Jannie se verskijning op 'n piekniek met 'n 'lakense pak', dat hij 'water op sij luja' moet krij? 'n Mens dink aan die engelse

liedjie: ‘London's burning! London's burning! Pour on water! Pour on water! Fire! Fire!’ maar gesing min of meer op die maat van: ‘So early in the morning’.

b. Liedje: -

‘Oom Jannie met sij lakense pak,
Sij lakense pak, hoera!
Oom Jannie met sij lakense pak,
Sij lakense pak, hoera!
Gooi water op sij luja!
Gooi water op sij luja!
Gooi water op sij luja!
Sij luja raak aan die brand!’

c. Aantekeninge: -

1. ‘(sij) luja’: Behoort ‘(sij) luja’ (of ‘seluja’?) saam met ‘siembamba’, ‘goggabie’, ‘hiefel’, ‘fiefel’ en ‘aljander’ tot die geheime vokabularium van piekniek-liedjies?

20. ‘Aai! Aai! Die witbors kraai!’

a. Lied en Spel: -

Hierdie liedjie word gesing bij 'n rij-dans, nes ‘Wat maak oom Kalie daar?’ en ‘Oom Jannie met sij lakense pak’. Bij die derde reëltjie begin die ‘tiekiedraai’-dans.

Oom Kalie se vrou word onder die besemstok gekrij; maar

oom Jannie kom daar slegter van af, want ‘sij luja raak aan die brand!’ En oompie?
Die kom thuis met die kous op die kop!

Is ‘Wat maak oom Kalie daar?’ misskien bedoeld as 'n waarskuwing vir die
piekniek-nooientjies, dan is die laaste liedjie seker 'n skrikmakertjie vir die
piekniek-kêrels - ‘elke hond krij sij dag!’

b. Liedjie: -

1

‘Aai! aai! die witbors kraai!
Hiervandaan na Mosselbaai,
Oompie wou na tannie vrij;
Maar tannie trek haar neus opsij.’

2.

‘Aai! aai! die witbors kraai!
Hiervandaan na Mosselbaai,
Rond gerij en rond gevrij,
Thuis gekom en niks gekrij.’

c. Variante: -

I.p.v. ‘Aai! aai! die witbors kraai!’ hoor 'n mens soms ‘Oe-la-la! die witbors kraai!’
STEPHANUS MARÉ gee (in ‘TIEKIEDRAAI’), ook ‘Kraai! kraai! die witbors kraai!’,
maar die redaksie is ons verder onbekend.

d. Aantekeninge: -

‘*Mosselbaai*’: Wijs die plaasnaam ‘Mosselbaai’ misskien daarop, dat die liedjie
ontstaan is ergens in die suidweste van die K.P.? of is dit maar net 'n rijmnaam vir
‘die witbors kraai’?

C. Gemengde speletjies.

21. ‘Jan Fiskaal.’

a. Lied en Spel: -

'n Eienaardige en min-bekende piekniek-liedjie is bowegenoemde. Ons kan dit noem 'n dramatiese ‘tiekiedraai’, dramaties, omdat nog meer dan bij die ‘kalkoentjies-trap’, die woorde hier 'n verklaring is van die aksie.

Gewoonlik word dit deur één of meer afsonderlike pare gespeel, misskien ook als 'n ringdans, en dikwels ook als 'n rijdans, soos ‘Oom Kalie’; maar met die afwijking van die ‘nek-om-draai’-episode.

Die jongkêrel neem die nooi se linker-hand met sij regter; terwyl hul die eerste twee reëls sing, stap hul in die maat; bij ‘die nek om draai’, draai hul onder mekaar se arms deur, en ‘hoeps!’ gee die teken vir die ‘tiekiedraai’.

Dis opmerklik dat die dans hier die spelers laat dink het aan die wind se warrel, terwyl net andersom TOTIUS van die

wind op die dans gekom het. (Sie bo aantekening op ‘kalkoentjies-trap’ in ‘Japie, mij skapie’).

‘Eén, twee, drie!’ hiermee is die end weer daar - stap, stap, stap!

b. Liedjie: -

‘Jan Fiskaal, wie se kinders is dit die?

‘Selde wie! Wie e?

‘Die nek-om, nek-om draai!

‘Hoeps!

‘Die meisies sê die wind kom op,

die wind kom op!

die wind kom op!

‘Die meisies sê die wind kom op!

‘Eén, twee, drie!

c. Variant: -

‘Oom Jannie Fiskaal, wie se kinders is dit die?

Sal dit wees? wees? wees? wees?

Die nek-om draai?

O! die meisies sê die wind kom op! ens. ens.

O!.....ens. ens.’

d. Aantekeninge: -

1. ‘*Jan Fiskaal*’: die berugte laksman-voël! Wat kan dit hom skeel wie se kinders dit is? Dis ‘selde wie’ vir hom, en daarom: ‘nek-om draai!’
2. ‘*Die meisies*’: waarom juis die meisies? Wel, meisies, moet mens weet, is baie prominent op 'n piekniek en dat hul iets

te sê het, dis ook nie so snaaks nie; wat hul sê, daar kom dit nie eienlik op aan nie - ons wil swaai en warrel en draai soos - die wind; dus: 'die meisies sê die wind kom op!' en ons refrein is gebore om die jare deur te huppel.

22. 'Aljander, aljander, al deur die bos.'

a. Lied en Spel: -

Die spel self wat hierbij hoort, noem SCHONKEN (O.K.-H.V. p. 14), 'deurkruipertjie'; hij haal BÖHME ('Deutsches Kinderlied und Kinderspiel' Leipzig, 1897) aan en de COCK en TEIRLINCK ('Kinderspel en Kinderlust in Zuid-Nederland', Gent, 1902) om te bevestig wat hij sê omtrent die algemene bekendheid van die speletjie, onder die naam van bruggies-spel. In Nederland word dit genoem 'deurkruipen' of 'kruip door, sluip door'.

Engelse kinders speel dit bij die liedjies 'Oranges and Lemons' van 32 reëls en 'How many miles to Babylon?' van 6 reëls. In ons land is dit 'n piekniek-liedjie sonder 'tiekiedraai', iets net so skaars als 'n wit kraai.

Soals bekend, vorm twee van die sterkste spelers 'n brug of boog deur mekaar se hande te neem so hoog moontlik bo hulle hoofde. Elke een kies een of ander lekkernij, gewoonlik 'n vrug - die 'lekker kos' van die lied. Die ander spelers vorm 'n trein. Bij die singe van onse twee-reëlige liedjie gaat dit dan met 'n wije boog naar die bruggie en *onder* deur - almaal behalwe die laaste van die trein, wat gevange blij en moet kies tussen die twee soorte lekkernije; die keuse beslis agter welke van die twee brugpilare hij of sij sal gaan staan.

So gaat dit keer op keer, totdat daar geen trein meer is om onder die brug deur te gaan. Die twee partije trek dan touw sonder 'n touw, totdat die een of ander lasplek breek, wat 'n geweldige val en groot plesier veroorsaak, of, totdat die één kant uit posisie getrek is; die ander het dan gewin.

Die beskrywing wijs aan dat die spel meer geskik is vir kinders als vir opgegroeide jongmense.

Die liedjie noem SCHONKEN, t.a.p., waarskynlik oorspronklik afrikaans.

Volgens die variante, lijk dit of ons hier miskien te doen het met 'n liedjie uit die slawetijd, toe die slaweklok gelui werd vir die maaltjie, en, soos ons weet, kon die ou slawemeide (b.v. Aderjana - jana, of Aja Jana - jana) baje lekker kos kook, soos wat die liedjie van sing.

b. Liedjie: -

‘Aljander, aljander, al deur die bos,
Jouw mama en papa kook lekker kos.’

c. Variante: -

1. I.p.v. ‘aljander’ ook ‘al jare’.

2.

‘Aderjana... jana, deur die bos,
Mij pa en ma kook lekker kos.’

of

‘Aderjana... jana, lui die klok,
Mij pa en ma is 'n goeie kok.’

of

‘Aja Jana,... ens.’

3. I.p.v. ‘Jouw mama ens.’: ‘Mij mama kook sulke lekker kos.’

4. I.p.v. ‘kook’: ‘eet’.

23. ‘Die besem, die besem.’

a. Lied en Spel: -

Alleen bij wijze van spesiale guns kan ons ‘die besem’ ook 'n plek gee op die piekniek-program. Hij kom daar in die werklikheid ook soms op voor, heel selde egter, en waarskynlik net onder hollandse invloed.

‘Hoewel het lied ook in Holland algemeen bekend is, zou het wel van Duitse oorsprong kunnen zijn,’ sê SCHONKEN (O.K.-H.V. p. 64).

Die spelers sit (staan) in 'n kring, en word verdeel in vier seksies, wat na mekaar op die beurt bij die begin van die vier reëls inval, terwyl almaal in hul hande klap. Nog meer spesiaal dan ‘Aljare deur die bos’, is dit 'n kinderliedjie.

b. Liedjie: -

‘Die besem, die besem;
 Wat maak men(s) daarmee? Wat maak men(s) daarmee?
 Men(s) vee daarmee, men(s) vee daarmee
 Die ert (vloer), die ert (vloer).’

c. Aantekeninge: -

‘Men’: met hierdie onafrikaanse woordjie verrai die lied dadelik sij afkoms, alhoewel ook die vorm ‘mens’ gehoor word. Owerigens is daar maar min verskil tussen die hollandse en die afrikaanse lesing. Selfs ‘men vee daarmee’ verskil in die sing maar weinig van ‘men veegt ermee’.

24. ‘Al slaan mij ma mij neer.’

a. Lied en Spel: -

Hierdie liedjie van 'n kanniedood, wat altijd weer loop, is weer 'n afrikaanse toe of tussen-voegsel bij 'n engelse liedjie, wat gesing word bij 'n ring-spel, wat 'n mens nie juis 'n ringdans kan noem nie.

Terwyl die ring hom weer herstel na die verwarring, wat daarin gekom is, deurdat die ‘jolly miller’ van die engelse liedjie sij ‘grab’ gemaak het, sing die verslae binnespelers die gelukkige ringlopers toe: -

‘Al slaan mij ma mij neer,
As ek opstaan, dan loop ek weer’;

waarop die buitospelers, wat elkeen met 'n nooientjie aan die arm loop, antwoord met: -

(‘There was a jolly miller’ ens.),

totdat die ‘grab’ weer vir elkeen van die binne- en buite-spelers 'n kans gee om in troebel water te vis.

SCHONKEN sê (O.K.-H.V. p. 144) dat hierdie kanniedood-piekniek-liedjie baje geliefd is bij die Hotnotsvolk; dit is dus waarskynlik 'n egte basterd-produk. Die lied besing die spreekwoordelike taaiheid, waarvoor die Hotnot beroemd is, - 'n eienskap, wat die afrikaanse piekniek-liedjies ook besit, en in vertrouwe daarop stuur ons hul die wêreld in.

b. Liedjie: -

a. Engelse deel.

(‘There was a jolly miller, who lived by himself,
As the wheel went round, he made his grab!
One hand in the pocket, and the other in the bag,
As the wheel went round, he made his grab!’)

b.

‘Al slaan mij ma mij neer,
As ek opstaan, dan loop ik weer!’

c. Variante: -**1.**

‘Al slaan mij ma mij neer,
As ek opstaan, dan doen ek 't weer.’
(O.K.-H.V. p. 144),

of

2.

‘Al slaan mij ma mij neer,
As ek opstaan, dan kom ek weer.’

of

3.

‘Al slaan mij ma mij neer,
As ek opstaan, dan storm ek weer.’

[Deel 1 (B)]

Voorwoord

Hier (in Deel 1 (B)) volg alleen die woorde van die ‘A f r i k a a n s e P i e k n i e k - l i e d j i e s ’ (van Deel 1 (A)), waarvan ons slegs die wijsiemusiek aangee, in enkele gevalle die van die deur ons (in Deel 1 (A)) aangegewe variante, waar die meer bekend is as die wijze van die teks-woorde.

S.P.E. BOSHOFF.


I. 'Staan, Pollie, staan!'

'Staan, Pol-lie, staan! En laat jouw ge-dag-te gaan, Dat jij vir mij kan sê, Of jij vir mij wil hê.'



II. 'Pollie, ons gaan Pêrel toe.'

'Pol-lie, ons gaan Pê-rel toe, Pol-lie, ons gaan Pê-rel toe, Pol-lie, ons gaan Pê-rel toe, Ek en jij al- -leen.'



III. 'Daar kom die wa!'

'Daar kom die wa, die vier pêr-de wa! Hij het nie naam nie, Sij naam moet hij nog krij. Tant' Lien-tjie swaai, sta-dig draai, On-der om die draai, Tant' Lien-tjie swaai, sta-dig draai, On-der om die draai.'



IV. ‘Daar kom die wa met die vis!’

‘Daar kom die wa met die vis! Daar kom die wa met die vis! Daar kom die wa met die lekker vis! Kom proe ge-rus, mij lie-we ou sus, Daar kom die wa met die vis! vis! vis!’

The musical notation consists of two staves. The first staff is in 6/8 time and contains the melody. The second staff is in bass clef and contains the accompaniment. The lyrics are written below the notes.

*Daar kom die wa met die vis! Daar kom die wa met die vis! Daar kom die wa met die lekker vis! Kom proe ge - rus, mij lie - we ou sus, Daar kom die wa met die vis! vis! vis!"

V. ‘Rokkies wou sij dra.’

‘Rok-kies wou sij dra, Maar nie-mand kijk daar-na, En al-maal staat ver-slae, Om sij die rok-kies dra. Oom Jan-nie se ma-ma, gog-ga-bie, gog-ga-bie, gog-ga-bie, Oom Jan-nie se ma-ma, gog-ga-bie, Mooi is sij, maar le-lik nie.’

The musical notation consists of three staves. The first staff is in C major and contains the melody. The second and third staves are in bass clef and contain the accompaniment. The lyrics are written below the notes.

*Rok - kies wou sij dra, Maar nie - mand kijk daar - na, En al - maal staat ver - slae, Om sij die rok - kies dra. Oom Jan - nie se ma - ma, gog - ga - bie, gog - ga - bie, gog - ga - bie, Oom Jan - nie se ma - ma, gog - ga - bie, Mooi is sij, maar le - lik nie."

VI. 'Vèr in die wêreld, Kittie!'

'Vèr in die wê-reld, Kit-tie! Kit-tie! Kit-tie! Vèr in die wê-reld, Kit-tie!
 Kit-tie oor die see. Sij laat haar draai, En sij laat haarswaai, Maar sij laat haar nie ver-raai!
 Sij laat haar draai, En sij laat haar swaai, Maar sij laat haar nie ver-raai!'

The musical notation consists of three staves. The first staff contains the melody for the first line of lyrics. The second staff contains the melody for the second line of lyrics. The third staff contains the melody for the third line of lyrics. The lyrics are written below the notes.

*Vèr in die wê - reld, Kit - tie! Kit - tie! Kit - tie! Vèr in die wê - reld, Kit - tie!
 Kit - tie oor die see. Sij laat haar draai, En sij laat haarswaai, Maar sij laat haar nie ver - raai!
 Sij laat haar draai, En sij laat haar swaai, Maar sij laat haar nie ver - raai!"

VII. 'Japie, mij skapie.'

'Ja-pie, mij ska-pie, Ek ver-lang na jou, Ja-pie, mij ska-pie, Ek ver-lang na jou,
 Kal-koen-tjies trap al-so, al-so, al-só, Kal-koen-tjies trap al-so, al-so, als jij.'

The musical notation consists of two staves. The first staff contains the melody for the first line of lyrics. The second staff contains the melody for the second line of lyrics. The lyrics are written below the notes.

*Ja - pie, mij ska - pie, Ek ver - lang na jou, Ja - pie, mij ska - pie, Ek ver - lang na jou,
 Kal - koen - tjies trap al - so, al - so, al - só, Kal - koen - tjies trap al - so, al - so, als jij."

VIII. ‘Vat jou goed en trek, Ferreira.’

‘Vat jou goed en trek, Fer-rei-ra, Vat jou goed en trek. Agter die bos is 'n klom-pie per-de, Vat jou goed en trek. Swaar dra, Al aan die één kant swaar dra, Al aan die één kant swaar dra, Al aan die één kant. Vat jou goed en trek.’

The musical score for 'Vat jou goed en trek, Ferreira.' is written in 2/4 time with a key signature of one flat (B-flat). It consists of three staves of music. The lyrics are written below the notes.

*Vat jou goed en trek, Fer - rei - ra, Vat jou goed en trek. Agter die bos is 'n
 klom - pie per - de, Vat jou goed en trek. Swaar dra, Al aan die één kant swaar dra,
 Al aan die één kant swaar dra, Al aan die één kant. Vat jou goed en trek."

IX. ‘Ander man se koffie.’

‘An-der man se kof-fie, an-der man se tee, An-der man se dog-ter, die draai jul-le mee.’

The musical score for 'Ander man se koffie.' is written in C major with a common time signature (C). It consists of a single staff of music. The lyrics are written below the notes.

*An - der man se kof - fie, an - der man se tee, An - der man se dog - ter, die draai jul - le mee."

X. 'Ek soek na mij Dina!'

'Ek soek na mij Di-na! Mij Di-na! mij Di-na! Ek soek na mij Di-na! Mij Di-na na-bij!
En hiér is mij Di-na! Mij Di-na! mij Di-na! En hiér is mij Di-na! Mij Di-na na-bij!'

Two staves of musical notation in 3/4 time. The melody is written on a treble clef staff, and the accompaniment is on a bass clef staff. The lyrics are written below the notes.

*Ek soek na mij Di - na! Mij Di - na! mij Di - na! Ek soek na mij Di - na! Mij Di - na na - bij!
En hiér is mij Di - na! Mij Di - na! mij Di - na! En hiér is mij Di - na! Mij Di - na na - bij!"

XI. 'Al is die geelbek nog so pap.'

'Al is die geel-bek nog so pap, Dis goed om frik-ka-del te kap! Al is die geel-bek nog
so pap, Dis goed om frik-ka-del te kap! Frik-ka-del te kap! Frik-ka-del te kap! Al is die geel-
bek nog so pap, Dis goed om frik-ka-del te kap! Al is die geel-bek nog so pap.'

Three staves of musical notation in 3/4 time. The melody is written on a treble clef staff, and the accompaniment is on a bass clef staff. The lyrics are written below the notes.

*Al is die geel-bek nog so pap, Dis goed om frik - ka - del te kap! Al is die geel-bek nog
so pap, Dis goed om frik - ka - del te kap! Frik - ka - del te kap! Frik - ka - del te kap! Al is die geel-
bek nog so pap, Dis goed om frik - ka - del te kap! Al is die geel-bek nog so pap."

XII. 'Walking on the green grass,' - 'En nou het ek mij eie goed.'

'En nou het ek mij ei-ë goed, mij ei-ë goed, mij ei-ë goed.
En nou het ek mij ei-ë goed, één-twee-drie!'

*En nou het ek mij ei - ë goed, mij ei - ë goed, mij ei - ë goed.
En nou het ek mij ei - ë goed, één - twee - drie!"

XIII. 'Rosie.'

'Ro-sie, my dar-ling, My dar-ling, I love you well. Ro-sie, my dar-ling, My dar-ling, I love you well. O! Ro-sie is my dar-ling dear, Dar-ling dear! Dar-ling dear! O! Ro-sie is my dar-ling dear. 'Skud jij die boom, dan val daar 'n peer!'

*Ro - sie, my dar - ling, My dar - ling, I love you well. Ro - sie, my dar - ling, My dar - ling, I love you well. O! Ro - sie is my dar - ling dear, Dar - ling dear! Dar - ling dear! O! Ro - sie is my dar - ling dear. "Skud jij die boom, dan val daar 'n peer!"

XIV. ‘Die hiefel en die fiefel.’

‘Die hie-fel en die fie-fel, En die ha!ha!ha! Die hie-fel en die fie-fel, En die ha! ha! ha!’



XV. ‘Venaand gaan die volkies koring snij.’

‘Ve-naand gaan die vol-kies ko-ring snij, ko-ring snij! En ve-naand gaan die vol-kies ko-ring snij, ko-ring snij! Mij ge-lief-de hang aan die bos, Mij ge-lief-de hang aan die bos, Mij ge-lief-de hang aan die bit-ter, bes-sie bos!’

Three lines of musical notation in treble clef, 6/8 time signature. The melody is written across three staves. Below the staves, the lyrics are written: "Ve-naand gaan die vol-kies ko-ring snij, ko-ring snij! En ve-naand gaan die vol-kies ko-ring snij, ko-ring snij! Mij ge-lief-de hang aan die bos, Mij ge-lief-de hang aan die bos, Mij ge-lief-de hang aan die bit-ter, bes-sie bos!"

XVI. 'Siembamba.'

'Siem-bam-ba, mam' se kind-jie, Siem-bam-ba, mam' se kind-jie, Draai sij nek om,
Gooi hom in die sloot, Trap op sij kop, dan is hij dood!'

The musical notation for 'Siembamba' consists of two staves. The first staff is in C major and 4/4 time, with a melody that repeats the phrase 'Siem-bam-ba, mam' se kind-jie, Siem-bam-ba, mam' se kind-jie, Draai sij nek om,'. The second staff continues the melody with 'Gooi hom in die sloot, Trap op sij kop, dan is hij dood!'

XVII. 'Kinders, moe nie in die water mors nie.'

'Kin-ders, moe nie in die wa-ter mors nie, Die ou men-se wil dit drink. O!
kin-ders, moe nie in die wa-ter mors nie, Die ou men-se wil dit drink. Dit kom
van vèr af, Dit kom van vèr af, Dit kom van vèr af, Van Ta-fel-kop se dam.'

The musical notation for 'Kinders, moe nie in die water mors nie' consists of three staves. The first staff is in 6/8 time and begins with the melody 'Kin-ders, moe nie in die wa-ter mors nie, Die ou men-se wil dit drink. O!'. The second staff continues with 'kin-ders, moe nie in die wa-ter mors nie, Die ou men-se wil dit drink. Dit kom'. The third staff concludes with 'van vèr af, Dit kom van vèr af, Dit kom van vèr af, Van Ta-fel-kop se dam.'

XVIII. ‘Wat maak oom Kalie daar?’

‘Wat maak oom Ka-lie daar? Wat maak oom Ka-lie daar? Oom Ka-lie steek 'n stij-we dop,
Hij slaan sij vrouw met die be-sem-stok! Wat maak oom Ka-lie daar?’

*Wat maak oom Ka - lie daar? Wat maak oom Ka - lie daar? Oom Ka - lie steek 'n stij - we dop,
Hij slaan sij vrouw met die be - sem - stok! Wat maak oom Ka - lie daar?*

XIX. ‘Oom Jannie met sij lakense pak.’

‘Oom Jan-nie met sij la-ken-se pak, Sij la-ken-se pak, hoe-ra! Oom Jan-nie
met sij la-ken-se pak, Sij la-ken-se pak, hoe-ra! Gooi wa-ter op sij lu-ja!
Gooi wa-ter op sij lu-ja! Gooi wa-ter op sij lu-ja! Sij lu-ja raak aan die brand!’

*Oom Jan - nie met sij la - ken - se pak, Sij la - ken - se pak, hoe - ra! Oom Jan - nie
met sij la - ken - se pak, Sij la - ken - se pak, hoe - ra! Gooi wa - ter op sij lu - ja!
Gooi wa - ter op sij lu - ja! Gooi wa - ter op sij lu - ja! Sij lu - ja raak aan die brand!*

XX. 'Aai! Aai! die witbors kraai!'

'Aai! Aai! die wit-bors kraai, Hier-van-daan na Mos-sel-baai, Oom-pie wou na Tan-nie vrij, Maar Tan-nie trek haar neus op-sij.'

The musical notation consists of two staves. The first staff contains the melody for the first line of the song, and the second staff contains the melody for the second line. The lyrics are written below the notes.

*Aai! Aai! die wit - bors kraai, Hier - van - daan na Mos - sel - baai, Oom - pie wou na
Tan - nie vrij, Maar Tan - nie trek haar neus op - sij."

XXI. 'Jan Fiskaal.'


'Oom Jan-nie Fis-kaal, wie se kin-ders is dit die? Sal dit wees? wees? wees?
Wees die nek om-draai? O! die mei-sies sê die wind kom op, die wind kom op,
die wind kom op, O! die mei-sies sê die wind kom op, één, twee, drie!'

The musical notation consists of three staves. The first staff contains the melody for the first line of the song, the second staff for the second line, and the third staff for the third line. The lyrics are written below the notes.

'Oom Jan - nie Fis - kaal, wie se kin - ders is dit die? Sal dit wees? wees? wees?
Wees die nek om - draai? O! die mei - sies sê die wind kom op, die wind kom op,
die wind kom op, O! die mei - sies sê die wind kom op, één, twee, drie!"

XXII. 'Aljander, aljander, al deur die bos.'

'Al-jan-der, al-jan-der, al deur die bos, Jouw ma-ma en pa-pa kook lek-ker kos.'



XXIII. 'Die besem, die besem.'

'Die be-sem, die be-sem, Wat maak men(s) daar-mee? Wat maak men(s) daar-mee? Men(s) vee daar-mee, men(s) vee daar-mee, Die vloer, die vloer.'

The musical notation for XXIII is written on two staves in 2/4 time. The melody is simple, using quarter and eighth notes. The lyrics are written below the staves: "Die be - sem, die be - sem, Wat maak men(s) daar - mee? Wat maak men(s) daar - mee? Men(s) vee daar - mee, men(s) vee daar - mee, Die vloer, die vloer."

XXIV. 'Al slaan mij ma mij neer.'

'Al slaan mij ma mij neer, As ek op-staan, dan loop ek weer.
Al slaan mij ma mij neer, As ek op-staan, dan loop ek weer.'

The musical notation for XXIV is written on two staves in 2/4 time. The melody is simple, using quarter and eighth notes. The lyrics are written below the staves: "Al slaan mij ma mij neer, As ek op - staan, dan loop ek weer."